WAT IS VERKLAARDE KWALITEITSAAD?

Die stelsel vir verklaarde kwaliteitsaad (bekend as *quality declared seed* of QDS) maak deel uit van die formele saadstelsel en beheer ook saadgehalte en -suiwerheid. QDS is minder streng en maak gebruik van minder hulpbronne as gehaltebeheerstelsels. Dit het ten doel om verbeterde saad aan kleinboere te lewer en om hulle by saadproduksie te betrek.

Voordele van QDS

- Boere kan moeiteloos toegang tot QDS-saad verkry omdat dit beskikbaar, betroubaar en baie goedkoper is as saad wat ten volle gesertifiseer is.
- QDS pas geredelik aan by die area waar dit geproduseer word.
- Boere word toegelaat om QDS te berg en vir 3 tot 4 seisoene te hergebruik.
- Boere mag QDS onderling verkoop en uitruil.
- Die QDS-stelsel bevoordeel boere wat verbeterde saad produseer op gelyke voet, ongeag of hulle manlik of vroulik is.
- Die QDS-stelsel bied 'n goeie geleentheid vir indiensneming aan boere wat verbeterde saad produseer.

Negatiewe Impakte van QDS

- Soms is boere se ondersteuning komende van die regering en ander belanghebbers maar effe beperk in soverre opleiding in die produksie van QDS betref.
- Toegang tot basiese saad wat vir saadvermenigvuldiging benodig word, is beperk.
- Die meeste boere se kennis van die produksie en gebruik van QDS is beperk.
- Boere het soms nie toegang tot die finansiële hulpbronne wat nodig is om hul saadproduksie-ondernemings te bedryf nie.
- In sommige gevalle beperk die regering QDS-bedrywe tot klein geografiese gebiede ter beskerming van die belange van private saadmaatskappye.

www.acbio.org.za info@acbio.org.za Tel +27 (0)11 486 1156

duduccelho.com